

Waar God is, is niks finaal nie!

Wat 'n aangrypende visioen! So ver as wat die oog kan sien, gee witgebleikte beendere 'n stille getuienis van 'n geweldige slagting. Terwyl die profeet die sombere toneel aanskou, kom die merkwaardige vraag: *"Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?"* Natuurlik nie! Hierdie hele toneel spreek van finaliteit. Alles wat hoegenaamd met die lewe geassosieer word, is weg!

Tog antwoord die profeet teen alle verwagting in: *"Nee, dit weet net U, Here my God."* Hierdie antwoord kyk nie vas teen die finaliteit van die dood nie. Hierdie antwoord is nie die resultaat van menslike evaluasies nie. Nee, hierdie antwoord spreek van 'n geloof in lewe na die dood; van 'n geloof wat weet: WAAR GOD IS, IS NIKS FINAAL NIE! Self nie eers die dood nie.

Juis hierdie geloofswete dryf die profeet tot gehoorsaamheid aan 'n opdrag wat geheel en al teen sin en redenasie indruis. Profeteer vir droë bene.

Op aangrypende wyse bring God wel lewe deur sy Woord en Gees. Dit mag wees dat jy voel dat jou lewe of jou gemeente soos hierdie beendere is. Daar is nie murg in die pype nie. Die ware lewe pols nie deur die are nie. Ons hou lykediens: Sonder lewe en entoesiasme, sonder getuienis, sonder krag. Ons hou lykevergaderings waarin dit gaan oor die materiële, oor seremonies en rituele maar waarin selde ooit oor die nuwe lewe gepraat word. Ons bid lykebedes waaruit niks tot stand kom nie. Wie die kerk só sien en ervaar, kan maklik hoop verloor en redeneer dat lewe hiër nie moontlik is nie. Let dan op die visioen van Esegïël. Glo weer dat God juis kan doen wat vir ons onmoontlik lyk. As die vraag dan opklink: *"Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?"*, mag jy ook deur sy genade antwoord: *"Nee, dit weet net U, Here my God."*

En mag die Here dan gee dat jy en al die gelowiges rondom jou, elke Sondag die opstandingskrag van Jesus Christus in julle midde ervaar.

Sing: Psalm 33:1, 2, 5

Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)